Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

3 Maart 2013

OGGENDDIENS: ds Piet

Skriflesing: Romeine 14: 13 - 23
Johannes 15: 9 - 17
Teks: Romeine 14: 17
Tema: Beleef die vreugde van die Koninkryk elke dag.

Ons kom vanoggend by die derde hoofsaak van die koninkryk van God naamlik: vreugde. Net soos gehoorsaamheid en vrede is hierdie kernsaak van die koninkryk ‘n opdrag van God. Vreugde is nie die resultaat van iets goeds wat God vir jou in jou lewe gee nie. Vreugde is die blywende gevolg omdat jy in ‘n persoonlike verhouding met Christus staan en kan deel aan sy heerlike heerskappy. Jy vind dus daagliks jou vreugde in Christus en nie in wat Hy jou gee as burger van sy Ryk nie.

Hoekom is daar so min vreugde te sien by die burgers van God se koninkryk? By my en jou? Dalk omdat ons elke dag bid om te kyk wat ons van God gaan ontvang en nie omdat ons net in gemeenskap met Christus wil lewe nie! Die wonderlike genade is dat ons daagliks vreugde kan hê - ook in beproewing - as ons net op Christus fokus en nie op wat Hy in sy hande vir ons het nie!

Ontmoetingsdiens
Intreelied Ps. 67 - 1: 1 (Mel ps 33); Votum; Seën; Loflied Ps. 66 - 1: 1,7,9 ; Geloofsbelydenis; Sing Ps. 40 - 2: 13 (mel ps 100)

Verootmoedigingsdiens
Wet: fokus op die 4 de gebod; Heidelbergse Kat Sondag 38; Sing Ps. 119 - 2: 4,14 ; Gebed.

Woorddiens
Skriflesing; Sing Ps. 98 - 1: 2 ; Woordbediening;

Antwoorddiens
Sing Sb 1 - 2: 1;Liefdegawes; Gebed vir BnB; Sing Ps 95 - 1: 1; Seën; Sing Ps. 67 - 2: 3 (mel ps 100)

AANDDIENS: ds Karel

Skriflesing: Kolossense 1:1-14
Teks: Kolossense 1:3
Tema: Die Kerk wat vir mekaar bid – Dank God, smeek God en aanbid God!

Die brief aan die gemeente in Kolosse is `n brief wat uit gebed bestaan. Die brief begin met Paulus wat vir hierdie gemeente `n gebed doen en dit sluit af met die opdrag en versoek dat die gemeente vir Paulus moet bid. Die rede hiervoor is dat gebed in die hart van elke gemeente moet staan. Dit is deur gebed wat ons ons totale verlorenheid bely, maar dit is ook deur gebed wat ons die verlossing, wat God gee, ons eie maak. In die week wat kom, gaan ons ons voorberei om Nagmaal te vier en deel van

hierdie voorbereiding is opregte gebed waarin ons onsself voor die Here neerwerp en Hom aanbid. Kom ons leer saam uit hierdie gebed van Paulus aan die gemeente in Kolosse hoe ons moet bid en hoe ons ook vir mekaar moet bid - nie net as lidmate van `n gemeente nie, maar ook as `n gemeente vir ander gemeentes!

Vooraf sang
Lied 215: 1, 2, 4 en Lied 450: 1, 2

Ontmoetingsdiens
Votum, Seën ; Lofsang Ps. 113-2: 1, 2, 3 (Alternatiewe melodie: Ps. 24-1)

Woorddiens
Gebed, Loflied: Sb 1-2: 1, 2, 3, Skriflesing, Woordbediening.

Antwoorddiens
Gebed; Sb 10-1; Liefdegawes; Gebed vir BnB; Sing Lied 190: 1, 2, 3; Seën; Amenlied Sb 13-2

MEELEWING

- Josephine de Lange (wyk 15 - 082 786 4380) is ontslaan en sterk tuis aan. Dit gaan baie goed met haar.
- Tannie Griet du Preez (wyk 1 - 083 464 6553) sterk tuis aan na mediese prosedures en `n tyd van hospitalisering in Pretoria.
- Ria Robberts (wyk 33 - 082 444 7544) se dogter is baie ernstig siek. Ons vra voorbidding vir haar asb.
- Fanie Bredenhann (wyk 14 - 082 965 5906) was die afgelope week vir toetse in die hospitaal.
- Pieter Bredenkamp (wyk 24 - 082 879 7507) herstel tuis na ‘n klein operasie wat hy Vrydag ondergaan het. Hy ontvang nog verdere mediese behandeling.

Ons bid dat die Here spoedig beterskap en herstel sal gee.

ONS DINK OOK AAN DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Br Hennie vd Berg, Sr Sannie Reyneke, Sr Filina Coetsee, Sr Hettie Viljoen, Sr Marianne Kruger, Sr Bettie Ras, Sr Janet vd Walt, Sr Tokkie Theunisen en Sr Nella Swanepoel.

ONS VERWELKOM VIR:

- Bernard en Petru Buys met Buks, Tina en Kura wat vanaf Buffeldoorns kom. Hulle woon op Plaas Kroonwater, wyk 25.
- Ons verwelkom ook vir Johan en Kristin Markgraaff wat weer by ons aansluit, in wyk 34.
- Johan Theunissen wat opgeneem word in die Geref Kerk. Hy woon in Casapark no B5. Hy is die seun van tannie Tokkie Theunissen.

ONS GROET VIR:

Chris en Christa vd Walt wat met attestaat vertrek na Geref. Kerk, Wapadrant.

ONDERSTEUNING VIR SIEKES

Vir ondersteuning of besoeke deur die hospitaalbesoeke-diensgroep, skakel vir:

Anna Smith	082 765 9813
Hantie Grobler	082 675 3893 / 018 290 6013
Marian de Kock	082 950 4358
Marique Reichel	082 657 4508
Annatjie Grobler	073 258 7833/ 018 290 9974

of e-pos siekes@oosdoppers.co.za

AFKONDIGINGS

Die volgende aktiwiteite vind DV hierdie week plaas:

Vandag
09:30 Gebedsgroep in Elim
10:00 Oggenddiens
Kleuterbediening
Tee en koffie in die Skuur
Katkisasie
18:00 Aanddiens
19:00 Ouderlingevergadering

Maandag
17:15 Katkisasie (Gr. 9)
18:00 Kersmark vergadering

Dinsdag
06:00 Manne Ondersteuningsgroep
18:30 Gesamentlike vergadering van die Jeug-, Katkisasie- en Bedienings-Kommissies saam met die organiseerders van die Kleuterbediening.

Woensdag
16:30 Katkisasie (Gr. 10)
17:15 Katksiasie (Gr. 11)
17:15 Katkisasie (Gr . 8 Elim)
17:30 Bybelskool: Geref. Kerk Potchefstroom se kerksaal: Ds Ronald Bain
17:45 Teologiese studente Bybelstudie
19:00 Bybelstudie Klipdrif
19:00 Beginpunt

Donderdag
18:30 Wyksbyeenkoms: Wyk 12 & 13

Saterdag
Sustersaamtrek

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV diè week verjaar!

Sondag, 3 Maart
Jsr Lincke Doinet 076 199 4405

Maandag, 4 Maart
Sr Sarita du Preez 082 375 0572

Dinsdag, 5 Maart
Sr Sanet Ras 082 232 8461

Woensdag, 6 Maart
Sr Hester Dreyer 082 842 0174
Jbr Danielle Terblanche 083 447 1051
Br Hendrik Riekert 073 141 6100

Donderdag, 7 Maart
Br Rudi Smits 072 482 3280
Br Tienie Buys 083 555 5626

Vrydag, 8 Maart
Br Anton Scheppel 083 308 9995

Saterdag, 9 Maart
Sr Vlooi Coetzee 072 610 8957

BOTSWANA UITREIK VERVERSINGS

Ons belydenisklas onderneem elke jaar in die Oktobervakansie ‘n uitreik na Botswana. Ons gemeente help hulle om hierdie uitreik finansieel moontlik te maak deurdat elke katkisasieklas geleentheid kry om op ‘n Sondag verversings te bring wat in die voorportaal van die saal geplaas word.
U kan van hierdie verversings neem vir ‘n donasie wat u in die houer op die tafel plaas.

Baie dankie aan die Gr 2 ouers wat vandag regstaan. Die kategete van die klasse moet onthou dat julle en julle klassies vandag die verversings bedien en lidmate daar ontvang en na die tyd opruim.

ANDER AFKONDIGINGS

- Liefdegawe vanoggend vir Barmhartigheid.

Die Diakonie ervaar ‘n tendens van toenemende behoefte by lidmate om finansiële ondersteuning. Kom ons wat

genoeg van die Here ontvang, gee ruim met vrywillige harte om die Diakonie in staat te stel om die groeiende behoeftes te kan ontmoet.

- Gawe by die deure vanoggend vir Bedieningshulp.
- Gawe volgende Sondag vir die Voorsieningsfonds.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies by deure gesit word.
- Diensbeurte: Wyk 17 en 18.

VERDELING VAN PASTORALE WERK TUSSEN 2 PREDIKANTE

Ds. Karel bedien lidmate in wyke 1 – 17 en ds Piet bedien lidmate in wyke 18 – 34. Albei predikante doen dus nie siekebesoeke, huisbesoeke of ander pastorale werk by alle lidmate nie, maar net by die lidmate in hulle onderskeie blokke. Met hospitaalbesoeke wat om die beurt deur die predikante gedoen word, sal alle lidmate, wat siek is, natuurlik besoek word.

Maak asb seker dat die predikant wat vir u verantwoordelik is, kennis dra van u siekte, hospitalisering, ens.

BEDIENINGSTRATEGIE 2013

Op die kerkraadsvergadering van 17 Februarie is `n aantal beginsels vir die gemeente se bedieningstrategie vir 2013 en verder goed gekeur. Oor die volgende paar weke gaan ons elke week `n spesifieke bedieningsbeginsel in die Dienelkander aan die gemeente kommunikeer. Saam met hierdie beginsel gaan ons ook `n gedeelte uit die Skrif gee waaruit hierdie bedieningsbeginsel afgelei is, asook `n aantal Skrifbeginsels wat in hierdie gedeelte duidelik word. Ons wil egter elke lidmaat se insette hê oor hoe ons hierdie beginsel prakties kan toepas in die gemeente. Stuur dus asseblief julle voorstelle deur na die kerkkantoor of aan een van die twee predikante. Die ouderlinge sal ook tydens huisbesoek aandag gee aan die bedieningstrategie wat ons vir 2013 en verder gaan volg.

BEDIENINGSTRATEGIE 2013 - BEDIENINGSBEGINSEL 2

Dat Potchefstroom-Oos die persoonlike geloofsgroei van elke lidmaat bevorder.

Teksgedeelte: Efesiërs 2:1-10

Skrifbeginsels:

- Die kern van persoonlike geloofsgroei is om jou sonde te erken en jou daarvan te bekeer. Ware bekering is weer nodig. Hierdie bekering moet egter positief gestel word in die lig van die feit dat ons dood was en nou lewe ons weer omdat Christus aan die kruis gesterf het.
- Keer terug na die basiese beginsels van die Woord.
- Besef dat geloof genade alleen is en leef dankbaar uit die genade. Dat ons gered is, is ʼn gawe van God. Lidmate moet God se liefde besef en weer waarlik dankbaar leef.

NUUS OOR ONS BEDIENING NA BUITE EN ‘N VERSOEK OM HULP

Huisgodsdiens en Sondae Eredienste by Amelia Nasorgsentrum (ANS)

Huisgodsdiens by ANS (Woensdae vanaf 18:00) het vanjaar weer volstoom op gang gekom. 'n Voltal vrywilligers, een vir elk van die agt huise bedien die inwoners met groot toewyding. Potch-Oos Doppers wat betrokke is, is o.a. Willem en Christa Pienaar, Salomé Jonker, Peet en Esta du Plooy en Pierre en Em Volschenk. Daar is tans een huisie vakant. **Belangstellendes kan gerus met Pierre skakel by 018**

290-5800. Dit beteken dat jy die voorreg het om elke Woensdagaand hierdie mense met ‘n aandgodsdiensoefening te kan bedien. ‘n Paar vriende (kleingroep/Bybelstudiegroep) kan ook saamstaan en mekaar om die beurt aflos.

Die Oos-Doppers is verder ook vir een Sondag in die maand verantwoordelik om 'n kort erediens vir die ANS inwoners te lei. Dit vind om 08:45 plaas in die saal op die Amelia terrein en duur gewoonlik so 20 – 30 minute. 'n Inwoner van ANS doen op klavier die sangbegeleiding. Kollektes wat tydens die erediens opgeneem word, word aan die gemeente geskenk wat die diens lei. Brs. Chris Venter, Harm Moraal en Pierre Volschenk wissel mekaar af. Wat ‘n belewenis om hierdie spesiale mense so te kan bedien! As jy hiermee wil help is jy ook baie welkom!

WYKSBYEENKOMSTE

Eerskomende Donderdag, 7 Maart om 18:30 is daar `n wyksbyeenkoms vir wyk 12 en 13 aanhuis van Dana en Annari Schutte. Elke gesin bring ‘n bord eetgoed saam wat dien as ‘n ligte aandete.
Volgende Donderdag, 14 Maart, is dit die wyksbyeenkomste van wyk 14 en 16. Meer inligting sal later deurgegee word.
Die doel van die wyksbyeenkomste is dat ons mekaar kan leer ken en dat ons saam praat oor die bediening in en van die gemeente. Wend asb `n poging aan om hierdie byeenkomste by te woon.

KENNISGEWINGBORD

- Uitreik ete: Fondsinsameling vir Seychelles Uitreik.
- Caring hands - inligtingsblad

DIAKONIE - KOSKAS

Liewe lidmate - daar word weekliks vir ‘n paar huisgesinne kospakkies gepak, dit het tot gevolg dat ons weekliks kos vir die koskas nodig het.
Ons benodig op die oomblik rys, pasta, meel, suiker, koffie, tee en geblikte vleis/vis.
Baie dankie vir u ondersteuning!

GEMEENTEKAMP 2013

Wanneer? 15 - 17 Maart 2013
Waar? Weltevrede Vakansie-Oord
Tema? Vervolging

Baie dankie vir almal wat reeds bespreek het - ons moedig u aan om asb so gou as moontlik u kampgelde in te betaal.

Daar is nog **6kampeerplekke** beskikbaar!

Saterdagaand word ‘n bring-en-braai gehou. Die komitee sorg vir pap en sous. Elkeen bring sy eie vleis en bykosse.
Elke gesin bring ‘n pakkie beskuit en kleinkoekies asook 1 L melk vir gebruik in die saal. Die res van die naweek se etes is elke gesin se eie verantwoordelikheid.

Dagbesoekers is ook welkom @R50 p/persoon.
Besprekingslyste in die voorportaal van die Skuur of skakel die kerkkantoor!

Kampkomitee groete

BYBELSKOOL: Waarmee is die Deputate Omkeerstrategie vir die GKSA besig?

Die bybelskool van die Geref. Kerk Potchefstroom sal plaasvind op onderstaande datums om **17:30** in die gemeente se kerksaal**.**

6 Maart: Ds Ronald Bain - Skriftuurlike begronding van die voorgestelde Omkeerstrategie en die implikasies daarvan.

13 Maart: Ds Piet Venter - Die pad vorentoe.

OORDEEL ONS TE MAKLIK?

Die afgelope tyd, sedert Valentynsdag 2013, was daar een naam op die meeste mense (ja, ook in Namibië) se lippe: Oscar Pistorius. Sommige simpatiek, maar die meeste veroordelend. Skokkend hoe onsensitief, blatant, joernaliste die vryheid van die pers misbruik om te berig oor die skokdood van Oscar se vriendin, Reeva Steenkamp.
Sondag 24 Februarie skryf 'n joernalis: "En toe *Rapport* vir Oscar se oom Arnold vra hoe dit met die lemnaelloper gaan, het hy gesê: "Dit is 'n lewende hel."

Hoe dra ek en jy by tot iemand soos Oscar se "**lewende hel**"?
Ja, ons kan daartoe bydra en dit vererger, of ons kan help om dit te verlig.

Jesus het by geleentheid gesê: *"Moenie op die oog af oordeel nie, oordeel regverdig."* (Joh 7:24). Hoor ons wat ons Leermeester leer? Daar moet regverdigheid wees wanneer ons uitsprake gee oor mense se optrede. En een van die basiese dinge om regverdig te wees, is om **nie op die oog af te oordeel nie**. Of, soos dit ook gesê word: Moenie op hoorsê oordeel nie. Maak seker van jou feite. Moenie eers bespiegel as jy nie genoeg inligting het nie. Moenie skinder nie. Moenie agteraf stories versprei nie.

Jou manier om oor iemand te praat, wat verdink word van een of ander skandalige optrede (let wel: nog nie skuldig bevind is nie), kan sy "lewende hel" veroorsaak, vererger of verlig.

Die Here bedoel nie dat ons verkeerde optrede moet oorsien nie. Allermins! Maar wat Hy wel van sy kinders verwag, is om soos Hy te wees - regverdig. Moenie oor iemand oordeel voordat jy al die feite gesien of gehoor het nie. Dit geld jou oordeel oor jou kinders, jou ouers, jou vriende, jou gemeentelede, mense in die regering, sportsterre, ja almal oor wie jy 'n mening moet of wil gee.

Kom ons leer uit die sensasionele koerantberigte oor 'n wêreldbekende persoon soos Oscar Pistorius, uit die opmerkings van elke tweede persoon met wie jy oor hom gesels, dit: Jy kan vir iemand, wat al klaar onder groot spanning verkeer – ten regte of onregte, dit weet ons nie – sy/haar lewe hel maak.

Hoe kan ons optree om die Here se gesindheid te vertoon? Bid eerder vir mense as om oor hulle te skinder, bid vir regverdige regspraak. Weerhou jou tong van liefdelose oordeel of veroordeling. Die getuienis oor korrekte optrede wat jy nou lewer, kan goud werd wees.
Ds Callie Opperman - Windhoek

GEBEDE VIR BEDIENING NA BUITE UIT "DIE SAAIER"

Suid-Soedan: Bid vir die Bybelgenootskap en inwoners van hierdie jong land. Bid veral vir die vertaling van die Zande Bybel. Alhoewel daar 'n Zande Bybel is, is dit in die Kongo vertaal, maar dit is nie vir die sprekers van hierdie taal wat in Suid-Soedan woon, heeltemal verstaanbaar nie.
Sentraal-Afrikaanse Republiek: Hierdie Bybelgenootskap het baie uitdagings om te oorkom. Bid veral vir genoegsame fondse om 'n nuwe broodnodige Bybelhuis te bou. Dank die Here vir Bybels wat versprei word. Bid ook dat die nodige fondse bekom sal word vir 'n nuwe verspreidingsvoertuig om veral te verseker dat Bybels op die platteland beskikbaar is.

BAIE DANKIE

Baie dankie aan al die susters wat verlede Sondag gehelp het met die voorbereiding van die saal en kos vir die "Jeug-sinode". Die kinders het dit vreeslik geniet! U moeite en bereidwilligheid word opreg waardeer.

BEROEPE NUUS

BEROEPE AANVAAR

- Ds RP Buys van Nelspruit na Delmas.

BEROEPE BEDANK

- Ds R Jansen van Vuuren van Hendrina/Carolina-kombinasie na Krugersdorp-Wes/Magaliesburg-kombinasie.

SUSTERS

TEESKINKGELEENTHEID

Tee word vandag in die skuur bedien deur wyke 5, 28 en 30 . Dankie vir die susters wat met die bediening en opruiming help.
Daar is vandag weer poeding beskikbaar teen ‘n donasie. Die geld wat hiermee geïn word, word vir die Koningskinders aangewend. Onthou ‘n donasie van ± R8 per bakkie poeding is ‘n billike riglyn en baie waarde vir jou geld.

1ste KWARTAAL - PROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
3 Mrt	Sondag	19:00	Blok A	Ouderlingevergadering - verversings
09 Mrt	Saterdag	09:00	Naamlys	Sustersaamtrek
10 Mrt	Sondag	12:00	Blok B	Nagmaal & ete
15 Mrt	Vrydag	18:00	Naamlys	Gemeentekamp

BENODIGHEDE IN DIE KOMBUIS

Liewe susters, die volgende items is nodig in ons kombuis. Voordat ons aankoop wil ons ‘n versoek rig aan die dames wat dalk van hierdie items in hulle huise ekstra het of wat nie meer in gebruik is nie om dit vir die kombuis te skenk:
Medium kastrolle; Rasper; Whisk; Handklitser; Skerp messe en groente messies; Houtlepels; Vatlappies; Ronde eierpan; Swart oondpanne; Stainlessteel oondpanne; Medium plastiese mengbakke met deksels; Groot plastiese melkbekers.

SUSTERSAAMTREK - GELDE

Susters onthou om jul Sustersaamtrekgelde by Adele in te betaal! R90.00

NAGMAAL ETE

Ons nooi u almal uit na ons Nagmaal-ete, die 10de Maart. Besprekingslys in die voorportaal, of skakel vir Adele in die kerkkantoor of Christa vd Walt by 073 424 3786. Kostes beloop R30 p/persoon.
Koue vleise met slaaie en ‘n nagereg verrassing!

DANKIE

Baie dankie aan die Blok en susters wat tee bedien het met die Kerkraadsvergadering.
Baie dankie ook aan Blok A en susters wat vanaand regstaan met verversings tydens die Ouderlingevergadering.

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

NUTS ABOUT BILTONG
West Acres Sentrum (Pick ‘n Pay)
Kom loer gerus in vir vars peuselhappies -
Droëvrugte, neute, biltong, droëwors, chilli sticks en vele meer.
Ons maak ook geskenkruikers.
Kontak ons gerus by 018 293 3476 of
Elizna 071 361 9703

TOPIA – Maart 2013

Stap saam met TOPIA op ’n reis van verandering. Sien die impak van ’n bybelse lewens- en wêreldbeskouing in mense, gemeenskappe en nasies. Luister hoe die stories ontvou in en deur God se kerk.

Alle gelowiges op alle terreine van die samelewing in diens van God

In Sunnyside Pretoria is daar 'n opwindende verwikkeling. Daar is 'n kerkplanting onder leiding van Derick Mashau. Die kerk is die *New Life City Church*. Die gemeente hou hulle samekomste by die kerkgebou waar die Gereformeerde Kerk Sunnyside voorheen was. Ongeveer 120 gelowiges van verskillende tale is deel van die *New Life City Church*. Die gemeente bestaan hoofsaaklik uit jongmense wat in die omgewing studeer. Die Here het die leiers van die gemeente met 'n visie geseën om God se diensknegte in die gemeenskap waar hulle bly, te wees.

TOPIA het die voorreg gehad om ongeveer 30 jongmense oor 'n periode van 4 Donderdae in Februarie toe te rus. Watter lekker ervaring om hulle opgewondenheid en passie vir God en sy omgewing te kon beleef. Daar het ons ook iets van die toekoms gesien. 'n Groot gedeelte van die groep kon hulle Bybels op hulle selfone lees. Waar internetopvangs regdeur Afrika besig is om te verbeter en slimfone al hoe meer algemeen word, gaan Bybels vir baie gelowiges in Afrika meer geredelik beskikbaar word. In party lande is 'n gesin se jaarlikse inkomste gelyk aan die koste van 'n gedrukte Bybel.

Tydens die opleiding het ons na valse wortels gekyk wat vir baie van die seer en ellende in Sunnyside verantwoordelik is. In 'n praktiese sessie waar daar in groepe gewerk is, moes elke groep 'n leuen, wat volgens hulle die meeste skade in die Sunnyside gemeenskap veroorsaak, verder oopkrap. Dit was die eerste keer tydens al die opleidings waarby ons betrokke was, dat al die groepe tydens die spesifieke oefening dieselfde leuen gekies het. Al die groepe het materialisme as 'n leuen gekies. Hierdie is 'n aanduiding van die negatiewe impak wat tegnologie kan hê. Soos tegnologie meer geredelik beskikbaar word, gaan die Westerse leuen van materialisme meer algemeen word en Afrika negatief beïnvloed.

In Maart is Johannes by ’n konferensie oor bybelse lewens- en wêreldbeskouing in Brasilië en daarna vertrek hy en sy gesin met die blou lorrie om vir twee maande opleiding in Zambië en Mosambiek te fasiliteer.

Gebede:

- Dank en prys die Here vir wie Hy is.
- Bid vir die uitbou van God se koninkryk op alle vlakke van die samelewing in Afrika.
- Bid vir kerke en kerkleiers in Afrika.
- Dank God vir tweedegeslag-opleiers en bid God om ons getrou te ag om nog mense te stuur wat sy boodskap kan uitleef en versprei.
- Bid vir die *New Life City Church*.
- Bid vir wysheid om alle voorbereidings betyds af te handel sodat ons in hierdie jaar effektief met twee kindertjies vir ses maande in Afrika kan werk.

Voetspore van hoop-blog – Indien jy gereeld TOPIA-nuus en -fotos deur middel van die Voetspore van Hoop-blog wil ontvang, kan jy daarvoor inteken. Die maklikste manier om in te teken, is die volgende:

1. Gaan na die TOPIA-**webblad** (www.topia.org.za).
2. Klik op die **blog-**skakel.
3. Tik jou **e-pos besonderhede** in die *Voetspore van Hoop*-blokkie in.
4. Klik op ***subscribe.***

Koninkryksbelegging – Indien God jou roep om by TOPIA ’n koninkryksbelegging te maak:
ABSA tjekrekening, TOPIA Tessa Trust, Takkode: 632005, Rekeningnommer: 4074089319

Christus het opgestaan – in Hom, deur Hom en vir Hom!

Johannes Aucamp